


# ‘n Lewende Brief van God

# Is JY 'n Lewende Brief van God?

Elke ware kind van God (jonk of oud, manlik of vroulik, geleerd of ongeleerd, ryk of arm, leraar, evangelis of net 'n gewone gelowige) word tot heiligmaking geroep sodat hy of sy gereinig en geestelik toegerus kan word om 'n getuie te wees deur wie die Here die wêreld kan aanspreek (Hand. 1:8). Jou lewenswyse, jou houding, jou gesprekke, en jou optrede moet die boodskap van die Here Jesus se liefde en reddende genade uitstraal. Mense moet onteenseglik in jou lewe kan Sien dat die Here jou nuut gemaak het. Jy moet ook 'n verkondiger van die boodskap wees dat Jesus Christus die enigste Verlosser van die wêreld is. Paulus sê aan die gemeente: "Julle is 'n brief... geken en gelees deur alle mense omdat julle duidelik 'n brief van Christus is... geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart" (2 Kor. 3:2-3).

Of jy daarvan hou of nie, die wêreld kyk na jou lewe as jy daarop aanspraak maak om 'n Christen te wees. Jy is 'n brief wat deur ander gelees word. Dit is tot die eer van die Here, én beslis ook in jou eie belang, dat jy baie seker moet maak dat jy nie net 'n vorm godsdienstige is nie — 'n onwedergebore naamchristen wat net 'n gedaante van godsaligheid het en ondanks jou beste pogings besig is om ander mense geestelik te mislei (2 Tim. 3:5).

Tweedens moet jy seker maak dat jy nie 'n vleeslike Christen is wat wél 'n getuienis van redding het, maar nog steeds onder die mag van die ongekruisigde vlees lewe en dus die selfsugtige, afstootlike en ondermynende werke van die vlees doen nie (1 Kor. 3:1-3; Gal. 5:17). So 'n persoon probeer wél om 'n beeld van Christenskap uit te dra, maar is terselfdertyd op eer, rykdom, en die grootsheid van die lewe ingestel.

Sommige van die Here Jesus se dissipels het in 'n stadium, voor die vervulling met die Heilige Gees, aan die kwaal van geestelike hoogmoed gely. Christus het dit net daar in die kiem gesmoor: "Elkeen wat onder julle eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Matt. 20:27-28). 'n Vleeslike Christen lei 'n lewe van val en opstaan en dra dus 'n teenstrydige boodskap aan die wêreld uit. Al probeer jy ook hoe hard, jy sal nooit regtig weet waar jy met só 'n persoon staan nie. Hoe meer jy te wete kom, hoe groter en meer onverklaarbaar raak die teenstrydighede. Voordat die oplossing van 'n volle oorgawe, hart reiniging, en vervulling met die Heilige Gees gevolg is, sal dié probleem nie vanself regkom nie (Luk. 9:23; Gal. 6:14; Ef. 4:22-24).

Eers wanneer die Heilige Gees volle beheer oor jou lewe verkry het en die woorde van God as lewensreëls op die tafels van jou hart gegraveer is, kan jou lewe 'n brief van Christus wees wat die wêreld sal aanspreek. Die Here se seën sal ryklik op jou en jou bediening rus. Jou prediking sal nie oorredende

woorde van menslike wysheid wees nie, maar die in die betoning van Gees en krag (1 Kor. 2:4).

Die ware profete van God het nog nooit met die wêreld gekompeteer om te kyk wie die populêrste, mooiste, slimste, rykste, geleerdste, of magtigste is nie. Hulle was eenvoudige manne op wie die salwing van die Here duidelik gerus het. Die gesag van hulle boodskap het nie uit hulle eie posisie, voorkoms, of aansien voortgevloei nie, maar by die Gewer — God self — berus. Hulle het nie net God se boodskap afgelewer nie, maar dit ook uitgeleef. Hulle is egter altyd deur die wêreld verwerp.

Waak aan die ander kant ook teen 'n dooie vormgodsdiens waarin jy salig gespreek word sonder dat jy jou deur sonde belydenis tot die lewende God hoef te bekeer deur Jesus Christus. Hy staan gereed om jou te vergewe, maar jy moet in die gebed tot Hom nader deur jou sondes te bely (1 Joh. 1:8-9; Spr. 28:13). Ook Christene wat teruggeval het, moet met die belydenis van hulle sonde na die Here terugkeer (Luk. 15:18).

Soek daarna na die vervulling met die Heilige Gees sodat jy met krag uit die hoogte beklee kan word (Luk. 24:49). Die krag van die Heilige Gees sal aan jou oorwinning oor sonde gee (Gal. 5:16), krag in die stryd teen die Bose (Ef. 6:10-11), asook krag en vrymoedigheid om die evangelie te kan verkondig (Hand. 1:8 en 4:31). Eers dán sal jy 'n brief van God wees wat deur die Heilige Gees op die tafels van jou hart geskryf is. Dit is wat die salwing van God oor jou lewe behels — dit is dieselfde salwing wat ook op die Here se Woord berus, want Hy het gesê: "Die woorde wat Ek tot julle spreek, is Gees en is lewe" (Joh. 6:63). Wanneer die lewendmakende Gees van God ook vir jou vervul en bekragtig het, sal jy as 'n mondstuk en getuie vir Christus in die huidige goddelose wêreld gebruik kan word.

## Die lig van die wêreld

Die Here Jesus, wat self die lig van die wêreld is, sê vir sy dissipels: "Julle is die lig van die wêreld" (Matt. 5:14). Uit onsself is ons nie die lig nie, maar ons moet van die lig getuig (Joh. 1:8). As Christus in ons harte woon, dan skyn die lig van sy teenwoordigheid en kennis in en deur ons. Deur ons optrede en getuienis kan ons die lig van 'n geestelik donker wêreld wees en skyn soos ligte te midde van 'n krom en verdraaide geslag (Fil. 2:15).

Laat jy jou lig skyn, of is jy deur jou stilswye en die lae profiel wat jy as 'n Christen handhaaf, besig om 'n emmer oor die lig te plaas en dit sodoende uit te doof? (Matt. 5:15). Wandel in die lig en laat die lig van God se teenwoordigheid elke dag oor jou weë skyn. 'n Christen is soos 'n kandelaar waarin die olie van die Heilige Gees gegiet en daagliks opgevul word. Die lamppit moet ook gereeld skoongemaak en al die roet verwyder word. Sorg dat jy altyd vol van die Heilige Gees is en 'n rein lewe lei sodat jy deur die Here gebruik kan word. Laat julle heupe omgord wees (gereed vir diens) en julle lampe aan die brand (die vlam

van geloof, hoop, en liefde wat hoog brand) sodat jy uitgestuur kan word om verlore skape op hulle dwaalweë te gaan soek.

## Die sout van die aarde

Ons leef in 'n moreel en geestelik verrottende wêreld wat al hoe slegter word na die einde toe (1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-5). Dit is die Christen se taak om bederfwerend op te tree en nie hierdie afwaartse tendens gelate te aanvaar nie. "Moet geen gemeenskap hê met die onvrugbare werke van die duisternis niet maar bestraf dit liewer" (Ef. 5:11). Ons moet onsself vlekkeloos van die wêreld bewaar deur niks met hierdie sondige dinge te doen te hê nie. Dit is slegs wanneer ons rein van hande en suiwer van hart is dat ons vrymoedigheid sal hê om in die heilige teenwoordigheid van die Here te verskyn en gereeld vir andere te bid.

Ons moet geestelike vrymoedigheid hê om op die nuwe en lewende weg na die genadetroon toe te tree "met 'n waaragtige hart in volle geloofsekerheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water" (Heb. 10:22). Dit is slegs wanneer ons waarlik rein gewas is deur die bloed van die Lam en deur die krag van die Heilige Gees wandel, dat ons vir ander kan bid en bederfwerend kan optree. As ons nie die balk uit ons eie oog haal nie, sal ons nie goed genoeg kan sien om probleme in ander mense se lewens te identifiseer en te help oplos nie.

## 'n Effektiewe lid van Christus se liggaam

Elke Christen het 'n bepaalde roeping en doel in die koninkryk van die Here. Ons is nie in kompetisie met mekaar nie, maar moet aanvullend tot mekaar optree sodat die hele liggaam goed kan funksioneer en die oorhoofse doel van die uitbreiding van God se koninkryk op aarde meer effektief nagestreef kan word. Dien en versterk iv die ander lede in die liggaam van Christus deur die besondere gawes en talente wat die Here aan jou gegee het? Indien wel, dan sal jy nie eendag met leë hande voor die Here staan nie (1 Kor. 3:15).

Doen net jou plig, veral op dié terreine waar die Here jou bekwaam gemaak het. 'n Talent of gawe word deur geestelike toewyding (gebed en Bybelstudie) en intensiewe gebruik (diensbaarheid) verbeter. Sommige Christene laat egter na om dit te doen, daarom die vermaning: "Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie" (1 Tim. 4:14). Veral in hierdie tyd van permissiwiteit, dissiplineloosheid en biddeloosheid moet ons onsself des te meer beywer om kwaliteit diens aan die Here én aan mekaar te lewer: "Wees dan ingetoë en nugter om te kan bid. Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê... Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God" (1 Pet. 4:7-10). So alleen kan die liggaam van Christus op aarde goed funksioneer.

## 'n Boom wat aanhoudend vrugte dra

Alle Christene word geroep om geestelik produktief te wees deur vrugte te dra wat by die bekering pas (Matt. 3:8). Die Here maak dit vir ons moontlik om hierdie doel te bereik. Die regverdige is "soos 'n boom wat geplant is by waterstrome: wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit" (Ps. 1:3). Dit is net die seën en genade van die Here wat so 'n lewe moontlik maak om te dra" (Jer. 17:7-8). "Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die Here is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet bv. die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie maar sy blad bly groen: en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie.

Die geheim van 'n vrugbare lewe, selfs ook in uiters moeilike omstandighede is die waterstroom waarby die boom van ons lewe geplant is. Die Here Jesus is self die water van die lewe (Joh. 6:35). Sy geestelike seëninge skenk Hy deur die Heilige Gees aan ons. Jesus het gesê: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Heilige Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo" (Joh. 7:37-39). Wanneer ons Gees vervulde lewens lei sal die vrug van die Heilige Gees in ons lewe gedy.

Selfs op 'n hoé ouderdom sal jy nie ophou om vrugte te dra nie: "Die regverdige sal groei soos 'n palmboom: hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die Here, sal hulle groei in die voorhowe van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra. Hulle sal vet en groen wees om te verkondig dat die Here reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie." (Ps. 92:13-16).

## 'n Geheiligde lid van die bruidsgemeente

Die kerk van Christus word as sy bruidsgemeente beskryf. Ons moet nou, in hierdie sondige wêreld, gereinig en geheilig word sodat ons sonder vlek of rimpel by die bruilofsmaal van die Lam aan die hemelse Bruidegom voorgestel kan word. Die Here maak dit vir ons moontlik: "Christus [het] ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig... sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees" (Ef. 5: 25-27).

Baie blessings bid ek jou toe vir jou LEWENDE BRIEF VAN GOD wat net jy is baie spesiaal en kosbaar vir God, en ons almal om jou.

BLESSINGS EN BLESSING

# AMEN